



**Hattingh Davel** was tot einde 2015 'n deeltydse dosent aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus. Hy voltooi sy B.Mus.Hons. graad (*Cum Laude*) in 2012 aan die Universiteit van die Vrystaat waar hy die Fanie Beette prys ontvang vir die beste nagraadse student. In 2014 voltooi hy die M.Mus graad (*Cum Laude*) aan die Noordwes Universiteit. As uitruilstudent het Hattingh vir ses maande aan die Royal College of Music in Stockholm studeer waar hy onderrig in Dalcroze Eurhythmics ontvang het. Hattingh het van 2011 tot 2015 die rol van Jesus in die Lady Grey Passiespel vertolk.

e-pos: [dhdavel@hotmail.com](mailto:dhdavel@hotmail.com)

## OM DIE ROL VAN JESUS TE VERTOLK – DIE ERVARING VAN DIE AKTEURS

HATTINGH DAVEL

MASARA, POTCHEFSTROOM KAMPUS, NOORDWES-UNIVERSITEIT

### SLEUTELKONSEPTE

Hermeneutiese fenomenologie, spiritualiteit, Passiespel, Christelike drama, akteurs se ervarings van die Bybelse teks.

### ABSTRACT

Since the start of the Lady Grey Passion Play in 2002 seven actors have portrayed the role of Jesus. This article investigates the meaning that these seven actors ascribe to their experience of acting this role. The research was guided by hermeneutic phenomenology. Open-ended interviews were conducted with all the actors who portrayed the role in which they were asked to describe, in as much detail as possible, their experience and memories of playing the role. The data collected through the interviews was organised and analysed using coding and categorisation through the use of ATLAS.ti 7. Themes were identified to provide an understanding of the meaning the actors ascribed to their experiences. The three themes that emerged from the analysis were categorised into three phases of experiences: firstly, experiences before and while preparing for the performance of the Passion Play; secondly, experiences that occurred during the three days of the performance and thirdly, how the experiences influenced and are still affecting the actors' lives.

## INLEIDING

Hierdie artikel beskryf die Passiespel wat jaarliks tydens die Paasnaweek in die Oos-Kaap by Lady Grey deur die Kunste Akademie<sup>1</sup> en die gemeenskap aangebied word. Die navorsing fokus op die sewe individue wat die rol van Jesus vanaf 2002 tot 2015 vertolk het. Hul ervaring voor, tydens en na afloop van die Passiespel word verken. Die ervaring om die rol van Jesus te vertolk, kan moeilik verwoord word; dit beïnvloed die akteur se denkwyse, geloofsoortuiging en optrede. Die artikel poog om die akteurs se ervaring weer te gee en om die leser daarin te laat deel. Die akteurs se eie woorde is weergegee, sodat die waarde wat die ervaring vir die akteurs ingehou het en steeds inhou, so helder moontlik geformuleer word. Die ervaring wat deel van die vertolking van die rol van Jesus was, word aan die hand van drie afsonderlike temas wat uit die analise na vore gekom het, bespreek. Die temas is die ervaring van die akteurs 1) voor die Passiespel gedurende die repetisieperiode, 2) gedurende die drie dae van die Passiespel en 3) na afloop van die Passiespel.

## KONTEKSTUALISERING

Die NG Gemeente Lady Grey bied jaarliks gedurende die Paasnaweek 'n Passiespel in samewerking met die Lady Grey Kunste Akademie aan. Hierdie Passiespel wat oor drie dae plaasvind, het in 2002 begin en betrek die hele gemeenskap op verskeie maniere. Die Passiespel word in Engels aangebied en enige lid van die gemeenskap kan betrokke raak deur 'n rol te vertolk, te help met verkope by die mark, die stel te bou of selfs om die kruis op te trek tydens die kruisiging. Alhoewel die meeste rolle deur leerlinge in die Kunste Akademie vertolk word, is daar verskeie ouer lede van die gemeenskap wat al reeds vir baie jare dieselfde rol vertolk. Dit is ook reeds tradisie vir die ouderlinge van die gemeente om te help met die optrek van die kruis.

Die woord *Passie* is van die Latynse woord "*passio*" wat *om te ly* beteken (Merriam Webster Dictionary, 2015), afgelei; daarom beeld 'n Passiespel gewoonlik die lydenstyd van Christus uit. Die evangelies van Matteus, Markus, Lukas en Johannes word vir die inkleding van die Passiespel gebruik en die volgende gebeure vorm die kern:

- Die intog in Jerusalem
- Die reiniging van die tempel
- Die Joodse raad se komplot teen Jesus
- Die maaltyd waar Maria Magdalena Jesus se voete salf
- Die laaste Avondmaal
- Die pad na Getsemane asook die gebeure in Getsemane waar Judas vir Jesus verrai
- Jesus voor die Joodse raad
- Jesus voor Pontius Pilatus

---

<sup>1</sup> Lady Grey is 'n klein dorpje in die Oos-Kaap aan die voet van die Witteberge wat deel van die Drakensberge vorm. Die Lady Grey Kunste Akademie is 'n laer- en hoërskool wat sedert 1996 vir leerders bestaan wat in kuns, musiek, dans en drama spesialiseer. Die kunsvakke vorm deel van hul daaglikse program wat gedurende en na skoolure aangebied word.

- Petrus se verloëning van Jesus
- Judas se skuldgevoel wat lei tot sy selfdood
- Die kruisiging van Jesus op Golgota buite Jerusalem.

Genoemde tonele vorm die raamwerk van die Lady Grey Passiespel. Die Bybeltekste word so ver moontlik woordeliks weergegee. Ander skrifgedeeltes wat ter sake is, word hiermee vervleg (Raadpleeg Bylaag A vir 'n uiteensetting van die skrifgedeeltes). Op Goeie Vrydag begin die Spel met tonele uit die Ou Testament wat gevolg word deur tonele van Jesus se vroeë jare asook die wonderwerke wat Hy verrig het. Die Saterdag daarna vervolg dit met die Bergrede, die reiniging van die tempel, die laaste Avondmaal, Jesus se verhoor voor Pilatus, die geseling en kruisiging waarna dit op die Sondag met die opstanding en hemelvaart afgesluit word. Die verskillende tonele word in verskeie geboue en terreine in Lady Grey aangebied. Van die tonele word buite in die natuur opgevoer en ander in geboue. Dit gehoor beweeg saam met die akteurs van toneel tot toneel. Die plek waar elke deel van die Spel aangebied word, word op 'n program aangedui en die gehoor word ook aangemoedig om kostuums aan te trek wat hulle by die produksie betrek. Deur ooreenkomstig die Bybelteks en -kultuur aan te trek en deur saam van plek tot plek te beweeg, word die toeskouers deel van die produksie. Die meeste tonele word in die NG Kerkgebou, wat vir die tydperk van die Passiespel in 'n teater omskep word, aangebied. Judas se verraad in die tuin van Getsemane vind op die skoolterrein plaas en die kruisiging en opstanding op verskeie plekke op die kerkterrein.

Individue uit alle kulture in die gemeenskap neem deel – dit sluit in leerlinge, onderwysers, predikante, die kerkraad, inwoners van die dorp, boere en plaaswerkers van die omgewing.

Gemeenskaplede en leerlinge vertolk die rolle. Die rolle van die dissipels, Moeder Maria, Maria Magdalena en Martha word reeds vir 'n aantal jare deur dieselfde lede van die gemeenskap vertolk. Talle gemeenskaplede is by die mark, verblyf en ander administratiewe take betrokke. Een boer verskaf jaarliks die donkie vir die intog in Jerusalem. Die getal deelnemers wissel van jaar tot jaar. In 2004, byvoorbeeld, was daar 223 deelnemers (Nieman, 2004:6) en in 2015 ongeveer 150. Alhoewel hoofsaaklik musiek (instrumentaal en vokaal),<sup>2</sup> dans en drama aangewend word, word ander kunsvorme soos beeldhouwerk, ontwerp en skilderkuns ook by die produksie betrek. 'n Berig in *Die Volksblad* het die Lady Grey Passiespel as die Oberammergau van Suid-Afrika beskryf (Nieman, 2004:6). Alhoewel die Passiespel in Oberammergau slegs elke tien jaar tussen Mei en Oktober 102 keer vir 'n gehoor van ongeveer 5 000 opgevoer word (Ohm, 2010:4), word die Lady Grey Passiespel jaarliks vir 'n gehoor van ongeveer 500 opgevoer. Die rol van Jesus word jaarliks deur net een individu vertolk en die Spel word net een keer per jaar opgevoer.

---

<sup>2</sup> Die musiek wat tydens die Passiespel gebruik word, sluit verskillende style in – van klassieke musiek, Gospel, filmmusiek, tradisionele musiek ensovoorts gesing deur soliste en kore. Die aantal kore en soliste wissel van jaar tot jaar. Daar is ook nie 'n vaste repertorium nie; die leerlinge, onderwysers en gemeenskap se musiekkwaliteit bepaal watter lieder vir die spesifieke jaar se uitvoering gekies word.

## NAVORSINGSMETODE

Die meeste navorsing wat al op Passiespele gedoen is, fokus op die ontwikkeling van die spesifieke spel asook op die sosiale, geloof- en politieke kwessies daaraan gebonde (Mork, 2004; Ohm, 2010; Shapiro, 2007; Sticca, 1970; Wells, 2007). Hierdie artikel verskil egter van die voorgaande aangesien daar gefokus word op die ervaring van die akteurs wat die rol van Jesus vertolk. In hierdie artikel bestudeer die outeur die ervaring van die sewe akteurs wat sedert 2002 in die jaarlikse Passiespel in Lady Grey die rol van Jesus vertolk het. Die navorsingsmetode wat vir hierdie artikel gebruik is, is hermeneutiese fenomenologie. In fenomenologie word deelnemers wat dieselfde fenomeen ervaar het se ervarings bestudeer en ontleed om dit beter te verstaan. Die artikel volg 'n hermeneutiese benadering wat beteken dat die verstaan van die ervarings geïnterpreteer word om betekenis aan die ervaring te heg (Creswell, 2013:76; Merriam, 2009:24; Van Manen, 1990:9).<sup>3</sup>

Die volgende sewe akteurs het die rol van Jesus vertolk: Pierre Perold (2002); Gerrit Hattingh (2003 en 2004); Pieter Taljaard (2005); Pieter Sauerma (2006); Stefan Krynauw (2007, 2008, 2010); Gane-Hubert Adrianzen (2009) en Hattingh Davel (2011 tot 2015). Drie van die sewe akteurs was onderwysers aan die Kunste Akademie in die tyd wat hulle die rol vertolk het; twee was onderwysers van 'n buurdorp; een was 'n leerling en een 'n oud-leerling van die Kunste Akademie. Individuele telefoniese onderhoude met ses van die akteurs en persoonlike refleksie was die primêre bron van datainsameling. Al die onderhoude is in Maart 2015 gevoer. Semi-gestruktureerde onderhoude van ongeveer 45 minute waarin die akteurs gevra is om hul ervaring met betrekking tot die vertolking van die rol van Jesus te verwoord, is gebruik. Uit die ontleding van die onderhoude het drie temas gekristalliseer (Ellingson, 2008:10).

- Tema 1: Die ervaring voor die Passiespel, gedurende die repetisieperiode.
- Tema 2: Die ervaring gedurende die drie dae van die Passiespel.
- Tema 3: Die invloed en betekenis van die ervaring na die afloop van die Passiespel.

Elke tema is in onderafdelings verdeel en daarvolgens bespreek. Die figure by elke tema illustreer hoe die onderafdeling by die spesifieke tema pas. Die akteurs se oorspronklike woorde is gebruik om die leser self iets te laat ervaar van wat hulle beleef het.

## BESPREKING


### Die ervaring gedurende die repetisieperiode voor die Passiespel

Vir vier van die akteurs was die rol van Jesus aan die begin net nog 'n doodgewone rol. Hulle het dit nie anders benader of beskou as enige ander rol wat hulle al vertolk het nie. Slegs drie akteurs het genoem dat hulle voor die vertolking van die rol praktiserende Christene was. Ander het weer ervaar dat daar 'n mate van verwydering tussen hulle en God was. Pierre sê, "You know, it's acting at the end of the day, whoever you play ... so as an actor, you take it just as another part ...

---

<sup>3</sup> Die akteurs se toestemming is verkry om hulle identiteit bekend te mag maak.

initially” (5:1, 3).<sup>4</sup> Gane-Hubert en Stefan noem dat hulle voor die Passiespel geen belangstelling in godsdiens of geloof gehad het nie. Geloof was vir Gane-Hubert en Stefan om kerk toe te gaan en ’n paar psalms en gesange te sing. “Toe ek actually die woorde vir die Passiespel geleer het, was dit die meeste wat ek die Bybel gelees het” (Stefan, 2:7). Pieter Taljaard, wat die rol in 2005 vertolk het en ook die regisseur van die Spel van 2002 tot 2005 was, erken dat toe hy met die Passiespel begin het, hy “op daai stadium vreeslik kwaad en teleurgesteld in God” was (1:3). Gevolglik het hy dit vanuit ’n streng intellektuele, akademiese en historiese oogpunt benader (1:4, 5).



**Figuur 1:** Gekristalliseerde ervaring tydens die repetisieperiode<sup>5</sup>

Die voorbereiding het vir sommige veranderinge in hul benadering gebring. Pierre vertel:

When you start looking at the spiritual side and the whole implication of what you are doing, you just start preparing yourself for a different aspect as an actor [...] you can't just play the role of Jesus as just another role, it requires a different kind of interpretation (5:4).

Pieter Taljaard meld dat hy tydens die repetisieperiode tot die besef gekom het dat “ [...] waarmee

<sup>4</sup> Nommerv verwysings word in die teks gebruik om aanhalings aan te dui. Die eerste nommer verwys na die dokument en die tweede nommer verwys na die aanhaling se plek in die dokument.

<sup>5</sup> Vir die analise is ATLAS.ti 7 se figure gebruik en daar word daarna verwys.

ek besig was, net belangriker as enige iets anders was. Dit was heeltemal 'n ommekeer van hoe ek dit objektief probeer benader het" (1:9). Gerrit sê dat hy 'n interessante belewenis gehad het. Hy vertel dat hy een middag terwyl hy sy woorde geleer het God se teenwoordigheid ervaar het:

So staan ek daar buite rond en ek begin hierdie woorde opsê, ek begin te stress want ek weet dit is twee of drie aande voor die Passiespel en daar is 'n horde woorde wat ek nie kan onthou nie ... en ewe skielik – dit klink dalk half vreemd – maar ewe skielik kom daar 'n wind op, maar 'n sterk wind, terwyl ek nou staan en daai woorde leer ... ek bid toe half en ek sê, 'Help my tog net dat ek die woorde in my kop kry, anders gaan dit nou 'n groot boggerop wees'. En daar kom 'n wind op, maar daai wind waai, hy dwarrel so om my. As ek so bietjie verder kyk, daar met die berg af, dan is daai bome doodstil, dit is asof hy net hier naby my waai (3:4).

Pieter Sauerman voeg by dat "jy [as akteur] graag 'n goeie job wil doen. Verseker bid jy intens daarvoor en vra dat daar iets van Jesus self deurgaang" (6:2) maar soos Pierre sê, sodra die teks en die Passiespel realiteit word, dan word jy bang. As akteur word die omvang en die erns van die Passiespel 'n realiteit, en dit veroorsaak 'n ervaring wat mens nog nooit voorheen gehad het nie, en die ervaring verander jou as akteur reeds gedurende die voorbereiding.

Die akteurs het almal gedurende die repetisieperiode tot die besef gekom dat dit nie net oor die individuele akteur gaan nie – dat dit nie net nog 'n rol is om te vertolk nie, maar dat dit uiteindelik baie groter en meer besonders is as wat die individue oorspronklik gedink het.

### Die ervaring gedurende die drie dae van die Passiespel



Figuur 2: Gekristalliseerde ervaring gedurende die Passiespel

## **God is teenwoordig**

Die ervaring gedurende die Passiespel was ten nouste verbonde aan die ervaring vooraf. Die akteurs het aangedui dat hulle die teenwoordigheid van God van die begin van die voorbereiding tot aan die einde van die Passiespel kon aanvoel. Gerrit noem dat hy 'n soortgelyke ervaring beleef het as wat hy gehad het met die wind terwyl hy sy woorde geleer het. Hy het verduidelik dat hy deur dié twee afsonderlike geleenthede van God se teenwoordigheid en nabyheid bewus geword het. Hy noem dat na die hemelvaarttoneel "toe kom daar so 'n wind op, hier deur die kerk, dat daai rok van my so terugwaai, dit was daai selfde tipe ding. Dit was alles sulke klein goedjies, heeltyd tydens die Passiespel, wat vir 'n ou sulke tekens is dat die Here ook daar is" (3:5, 6). Pieter Sauerma praat ook van 'n soortgelyke ervaring waarin hy daarvan bewus geword het dat God se teenwoordigheid tydens die opvoering van die bergrede hom gedra het en rustigheid gegee het: "Ek kon nie die bergrede kry nie, ek bedoel ek kon dit net nie memoriseer nie. Ek het net verse uitgelos in die repetisies en die enigste keer wat ek dit reg gekry het, was tydens die Passiespel" (6:5).

## **Natuurervaring**

Net soos Gerrit God se teenwoordigheid in die wind ervaar het, het Pierre na die intense belewenis van skoonheid in die natuur tydens die Passiespel verwys. Hy verwys na die tuin van Eden: "I was just taken aback so much by the beauty of this pool, and this clear water in it ... I totally forgot my lines. I was almost sorry I forgot my words [...] this place was beautiful, it was untouched. It was like the Garden of Eden" (5:50, 53). Hy verwoord die ervaring van die werklike teenwoordigheid van God en die uniekheid van wat afgespeel het gedurende die vertolking van die rol: "The water, feeling the water, feeling the gravel [...] those things helped. It sort of grounded you, it made you sort of real" (5:54). Stefan bevestig die ervaring en noem dat die skoonheid van die natuur vir hom 'n bewustelike belewenis was, net soos God se teenwoordigheid in die wisseling van die weertoestande. Daar was elke jaar donderweer tydens die kruisigingtoneel. Die navorser het self ook, in die vyf jaar wat hy die rol vertolk het, ervaar hoe reën en swaar weer meegespeel het, en inderdaad deel van die konteks gevorm het. Die weer in Lady Grey is gedurende die Paasaweek redelik onvoorspelbaar. Dit kan deurdringend reën en dan tydens 'n bepaalde buite-toneel ophou, om weer wanneer die Passiespel binnenshuis is, te stortreën.

## **Koinonia**

Die Griekse term *koinonia* kom ongeveer 20 keer in die Bybel voor en dit kan met gemeenskap, gemeenskaplike deelname of bydrae en ook met verhoudinge binne die kerk (Got Questions, 2002-2015) geassosieer word. Die akteurs het die samewerking van die gemeenskap op 'n besonderse manier ervaar. Stefan som dit op as "die mooiste ding [...] in die tyd van die Passiespel [is] hoe almal altyd bymekaarkom [...] jy weet soos 'n gay swart ou wat saam met 'n boer van die dorp werk" (2:11, 12). Dit is vir hom opmerklik hoe die Passiespel almal verenig en saam 'n sin van waarde en betekenis gee. Elkeen is gretig om met oorgawe deel te neem en saam te werk. Die grootste verskeidenheid persoonlikhede en geaardhede word deel van een span.

Pierre ondersteun die waarneming met die woorde, “There was never anybody who moaned or complained. Everybody was very keen to do as much as possible ... they were very keen to help and they were very keen on portraying the message of what we were doing. I felt it did unite the community” (5:26, 27, 28). Gerrit beklemtoon ook die ervaring. Hy verwys daarna dat individue waarvan niemand ooit bewus was nie, ’n integrale deel van die Passiespel geword het en dat kosbare verhoudinge oor klas- en kultuurgrense ontwikkel het; “van die Passiespele begin het, was daar nie ’n issue met anderskleuriges [nie], ook nie in die kerk nie ... so ek dink dit is rêrig ’n brug vir racial issues ... almal werk net saam en daar is daai een doel, waar mense bande bou” (3:29-31).

Die navorser se ervaring in die jare wat hy die rol vertolk het, bevestig ook dat die Lady Grey Passiespel ’n voorbeeld van kruis-kulturele verbintenisvorming is. Voorbeelde daarvan is hoe ’n jong swart vrou as Maria die baba van wit inwoners op die verhoog vashou. Die twaalf dissipels se samestelling was gewoonlik van verskillende kulture. Die gemeenskap word ’n familie in Christus. Pieter Sauerma meld ook die ervaring van ’n familie-eenheid wat ontstaan, want “die familie binne in die gemeenskap groei, mense met wie jy vriendskappe gebou het wat jy nooit gedink het jy as naastes sal wil hê nie ... dit was fantasties” (6:11).

### **Verantwoordelikheid van die akteur teenoor die gehoor**

Vir die gehoor is die Passiespel ’n intense geloofsbelewenis. Stefan verwys na die feit dat die toeskouers intieme persoonlike sake met “Jesus” deel, omdat die vertolking daardie faset van hul lewens aanspreek; hulle vertrou die akteur.

Mense begin net sommer openlik oor hul lewe praat, soos ‘nee, dit het nou gebeur, my vrou het van my geskei’. ’n Ander toeskouer vertel hy het kanker ... niemand praat so nie, jy sal nie vir enige iemand sê as jy nie nou deur so ’n drie dae ervaring gegaan het nie [...] ek het net gesien dat jy mense se lewens kan raak en dit gee vir my ’n doel (2:9, 10, 33).

Gerrit verwys na kinders se waarneming, dat hulle inderdaad glo dat die akteur Jesus is. “Mens moet baie versigtig wees as jy met hulle praat om nie die hele ding vir hulle te spoil nie” (3:20). Deur die rol te vertolk, word jy intens bewus van hoe belangrik die oomblik vir die toeskouer is, hoe dit hom of haar raak: “You are reiterating people’s faith, you are bringing the Bible to life, you’ve got to treat it with that respect as an actor. You have to. It is not Shakespeare, but it’s the Bible, and it is very important to millions and millions of people” (Pierre, 5:31). Pieter Sauerma noem dat mens eers die ervaring moet hê om bewus te word hoe die gehoor jou as akteur beleef; “dit is eers dan [wat] jy Jesus in jouself begin sien” (6:3). Dit is na aanleiding van hoe die akteurs Jesus in hulself begin sien het dat hulle bewus geword het van hul verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap en toeskouers.

Die navorser het ook beleef dat die ervarings van die gehoor jou bewusheid van jou verantwoordelikheid as akteur stimuleer. Wanneer die akteur die verantwoordelikheid aanvaar, begin hy Jesus se teenwoordigheid in homself herken en erken. Dan gebeur dit dat hy die proses

toelaat om uit te speel: hy laat die gehoor toe om Jesus in sy vertolking te vind, en dit word 'n emosionele en spirituele verbintenis.

### **Emosionele en spirituele ervaring**

Al die akteurs verwys na die Passiespel as 'n emosionele en spirituele ervaring. Gane-Hubert sê tydens twee tonele was hy emosioneel oorweldig. Die eerste was tydens die tonele waarin die verhoor en kruisiging afgespeel het:

Wat vir my die ergste was, is die toneel waar hulle my moes geslaan het, die hele idee dat jy mag nie kwaad geword het nie. Dit was vir my die ergste, en dan nou nog, ek kan nog onthou, ek het letterlik geruk en huil. Dít was nie toneelspeel nie, dít was regtig my eie trane wat ek gehuil het (4:3).


Die tweede toneel was met die vermeerdering van die brood en vis: “My stem het begin dik raak ... ek het vir my pa gekyk, my pa het trane in sy oë gehad. Op daai stadium moes ek wegkyk van hom af en dit was vir my verskriklik emosioneel” (4:9). Stefan het na die einde van die Passiespel verwys waar hy emosioneel en spiritueel oorweldig was: “*Ek het net begin huil, want dit was regtig net, overwelming. Dit was so 'n groot ding. Vir my was hierdie oomblik emosioneel onverwags*” (2:17). Die navorser was self oorweldig deur 'n toneel waar ongeveer tien kindertjies om hom kom sit. Dit het hom elke jaar onkant gevang, die ervaring van kontak met elkeen van die kinders terwyl hulle die lied *Children will Listen* sing. Hierdie emosionele ervaring dui ook terselfdertyd op 'n spirituele ervaring.

### **Bewuswording van Jesus se ervaring**

Pieter Taljaard vertel dat hy homself voorberei het om met woede 'n toneel teenoor die Fariseërs te vertolk. Op die moment, net voor hy begin praat, is hy deur 'n diep hartseer oorweldig. Gane-Hubert en die navorser was voor die geseling intens bewus van vrees. Pierre vermeld 'n soortgelyke ervaring tydens die kruisiging: “That realisation when everybody was staring at me, and everybody went silent, and in that moment, I realised how alone Jesus must have felt” (5:9). Pieter Sauerma verwys na 'n intense spirituele ervaring na afloop van die kruisiging. “Terwyl die koor sing en ek toe 'dood' op die verhoog lê, toe vra ek vir die Here: ‘Wat het hier gebeur? Vertel my.’ Dit het 'n fisiese reaksie op my liggaam gehad. In daai beautiful musiek van kinders ... jy word meegevoer in die omstandighede van Jesus” (6:3).

Die ervaring gedurende die Passiespel – God se teenwoordigheid, die natuurervaring, die eenwording van 'n gemeenskap, en die verantwoordelikheid as akteur om Jesus se ervaring na die toeskouers te bring – het 'n enorme spirituele impak op al die akteurs gehad. Dit het 'n direkte invloed op hulle lewens daarna gehad en het dit nog steeds.

## Die invloed en betekenis van die ervaring na die afloop van die Passiespel



**Figuur 3:** Gekristalliseerde ervaring na afloop van die Passiespel

Al die akteurs verwys na die intensiteit om die rol van Jesus te speel en die effek wat dit op hulle na afloop van die Passiespel gehad het.

### ***Uitputting***

Die eerste ervaring direk na afloop van die Passiespel was dié van ernstige uitputting. Stefan onthou dat hy vir drie dae in die bed gebly het; Pierre reken dit het hom 'n week geneem om te herstel. Die uitputting het op 'n emosionele sowel as 'n fisiese vlak manifesteer. Gane-Hubert kan onthou “[...] ek het siek geword ook, alles, want my liggaam was fisies moeg” (4:43). Pieter Sauerma beskryf die emosionele en spirituele uitputting so: “Ewe skielik is die realiteit iets heeltemal anders as wat dit [gedurende die Passiespel] was”. Hy noem dat vir die twee weke na die Passiespel sy lewe leeg gevoel het (6:12).

### ***Toekomsgerigheid***


Die akteurs kan steeds, jare nadat hulle die rol vertolk het, dele van die teks voordra. Hulle verwys daarna dat dit nie net die woorde is wat hulle onthou nie, maar dit wat steeds hul keuses en handeling bepaal. Pieter Taljaard beskryf dit as 'n kompas, en “dit staan uit want jy kan dit nooit vergeet nie” (1:27). Stefan vergelyk dit met die leuse van 'n skool; dit laat jou nadink: “Ek kan nog die woorde onthou, daai goed is in jou kop ... in my brein in” (2:20, 23). Gerrit sê dat wanneer hy Bybelvoorlesings vir leerlinge uit die Evangelies doen, “... dan begin jy sommer daai hele deel uit jou kop lees. So daardie woorde bly by jou en daardie goed wat jy geleer het, is amper 'n lifelong learning ding” (3:12). Wanneer jy moeilike omstandighede beleef, is die woorde

sommer net daar, en dit dra jou daardeur. Dit is duidelik dat die ervaring tydens die vertolking van die rol van Jesus ook vir die akteurs beter perspektief op die interpretasie van Bybeltekste gegee het. Pierre noem die volgende: "I've kept that experience how many years later, fourteen years later" (5:21). Pieter Taljaard sê, "Ek glo nie dit sal 'n mens ooit heeltemal verlaat nie ... jy raak weer besig met jou lewe en met die gewone wêreld se goed ... [maar] jy kom elke keer weer terug na daardie besef van dit wat jou hele lewe moet stuur" (1:21, 23). Pierre verduidelik: "I think that what I felt on that cross, just for that brief moment on that Saturday night ... I have carried that pretty much ever since then. You know to treat people like Jesus, kindly and you know, with compassion" (5:19). Stefan verwys veral na die woorde uit die bergrede van Jesus: "Happy are those who serve." Dit is steeds sy ervaring, die belewenis van vreugde wanneer hy van diens kan wees.

### **Menswees**

Pieter Sauerma het besef dat dit in die lewe nie soseer oor wette en dogmatiese voorskrifte gaan nie, maar oor menswees en die ervaring daarvan. Na sy mening het die Passiespel sy lewenswysheid ingrypend beïnvloed. Hy het toenemend ervaar hoe die Passiespel hom help om te kan onderskei wat belangrik is. Gane-Hubert meld dat, al het hy die rol van Jesus 'n hele paar jaar gelede vertolk, mense hom steeds herken as die akteur wat die rol vertolk het. Sy gevolgtrekking: "Jy moet nog steeds pasop hoe jy optree en wat jy sê, want jy moet nog steeds 'n beeld reflekteer ... want dit is hoe mense jou onthou" (4:23). Vir 'n akteur soos Stefan het die vertolking van die rol van Jesus selfs sy beroepskeuse beïnvloed. Dit was die ervaring tydens die Passiespel wat die moontlikhede van 'n loopbaan in die teater vir hom oopgemaak het.

## 5. SAMEVATTING



**Foto:** Hattingh Davel in die rol van Jesus in 2015

Om die rol van Jesus in die Lady Grey Passiespel te vertolk, is 'n ervaring wat moeilik is om te beskryf. 'n Mens kan nie die rol van Jesus vertolk en onaangeraak daarvan wegstap nie, die ervaring bly deurlopend by die akteur. Dit is duidelik dat al die akteurs die ervaring om die rol te vertolk goed kan onthou en dat hulle voortdurend waarde daaraan heg. Alhoewel die ervarings in drie temas bespreek is, kan dit nie los van mekaar beskou word nie en dit is dié ervarings wat die akteurs gevorm het en tot vandag bybly. Gerrit noem dat hy glo dat 'n individu deur sy/haar ervarings gevorm word en die ervaring om dié rol te vertolk, hom gevorm het ten opsigte van sy optrede by die werk, teenoor sy kinders en in ander situasies. Gane-Hubert beaam hierdie lewensverrykende ervaring deur te sê: “Nooit, nooit in my hele lewe sou ek gedink het om eers vir die Here te vra, ‘Here, wat is jou doel met my?’ nie,” (4:28), maar “ [...] toe vind ek uit wat is Sy doel [...] Hy het my deur dit [die rol] rustigheid gegee” (4:39). Gane-Hubert het met innerlike vrede anderkant uitgekóm en sê: “I believe in a God of my understanding. I believe in a God of love” (4:14). Pieter Taljaard is ook daarvan oortuig dat dit, sedert sy betrokkenheid by die Lady Grey Passiespel, sy roeping is om, waar hy ookal is, 'n Passiespel te regisseer (1:24). Stefan verwoord 'n belewenis van sinvolheid, dat God 'n doel met hom het en vir Pierre is die Passiespel die plek waar hy weer sy eie geloof kon herwin: “Pretty much my spirituality was back on track after that show ... It gave me faith that people are good, that there are good people [...] it gave me faith that we will be rewarded for what we do in this life” (Pierre, 5:20, 40, 41). So word die woorde van die lied “You'll walk with God”,<sup>6</sup> wat deur die Jesus-akteur in die toneel waar Nikodemus na Jesus toe gaan, gesing word 'n realiteit vir die akteurs:

---

<sup>6</sup> Die lirieke is aangepas van die oorspronklike lied *I'll walk with God* (Brodzsky, 1952) om by die spesifieke toneel te pas.

You'll walk with God from this day on  
His helping hand, you'll lean upon  
This is my prayer, my humble plea  
May the Lord be ever with thee.

There is no death though eyes grow dim  
There is no fear when you're near to Him  
and lean on Him forever  
'cause He'll forsake thee never.

He will not fail thee  
As long as thy faith is strong  
Whatever road you may walk alone.

You'll walk with God, You'll take His hand  
You'll talk with God, He'll understand  
I'll pray to Him, each day to Him  
And He'll hear the words that you say.  
His hand will guide thy throne and rod  
And you'll never walk alone  
While you walk with God.

Die woorde van die akteurs dui duidelik daarop dat om die rol van Jesus te vertolk 'n lewensveranderende ervaring was. Al die akteurs het na 'n verdieping en versterking van hul geloof verwys. "No matter how bad an actor you are ... you can be the world's worst actor, but when you are up on that cross, it doesn't matter who you are ... you will feel that moment" (Pierre, 5:13, 24).

## BRONNELYS

- 2002-2015. *Got Questions* [Online]. Got questions ministries. Beskikbaar by: <http://www.gotquestions.org/koinonia.html> [Besoek: 28 Oktober 2015].
2015. *Merriam-Webster Dictionary* [Online]. Beskikbaar: <http://www.merriam-webster.com/dictionary/passion> [Besoek: 09 September 2015].
- BRODSZKY, N. 1952. *I'll walk with God*. Miami: Warner Bros., Inc.
- CRESWELL, J. W. 2013. *Qualitative inquiry & research design: choosing among the five approaches*. Los Angeles: SAGE.
- ELLINGSON, L. L. 2008. *Engaging Crystallization in Qualitative Research: An Introduction*. Los Angeles: SAGE.
- HENRIKSSON, C. & FRIESEN, N. 2012. Introduction. In: FRIESEN, N., HENRIKSSON, C. & SÆVI, T. (reds.) *Hermeneutic phenomenology in education: method and practice*. Rotterdam: Sense.
- MERRIAM, S. B. 2009. *Qualitative research: a guide to design and implementation*. San Francisco, CA: Jossey-Bass.
- MORK, G. R. 2004. Christ's passion on stage – the traditional melodrama of deicide. *Journal of Religion and Film*. 8(1), 1-9.
- MUSSER, C. 1993. Passions and the Passion Play: Theatre, Film and Religion in America, 1880-1900. *Film History*. 419-456.
- NIEMAN, N. 2004. Lady Grey tereg nou SA se Oberammergau genoem. *Die Volksblad*. 14 April, p. 6.
- OHM, A. L. 2010. Oberammergau: Germany's 376-year-old Passion Play Before and After the Holocaust, Vatican II, and Ongoing Research into Early Christianity. *Headwaters: The Faculty Journal of the College of Saint Benedict and Saint John's University*. 27(1), 4-15. Beskikbaar by: <http://digitalcommons.csbsju.edu/headwaters/vol27/iss1/2> [Besoek op: 09 September 2015].
- SHAPIRO, J. 2007. *Oberammergau: The Troubling Story of the World's Most Famous Passion Play*. New York: Knopf Doubleday.
- STICCA, S. 1970. *The Latin Passion Play: Its Origins and Development*. Albany: SUNY.
- VAN MANEN, M. 1990. *Researching lived experience: human science for an action sensitive pedagogy*. London: SUNY.
- WELLS, K. D. 2007. The Oberammergau Passion Play in lantern slides: The story behind the pictures. *The Magic Lantern Gazette*. 19(1), 3-16.